

KAREL SCHOEMAN

J.J. Kicherer en die vroeë sending, 1799-1806

Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek

1996

295 pp.

R95-00

ISBN 0-86968-114-1

Karel Schoeman se reeks werke oor die vroeë sending aan die Kaap het aan hom 'n nuwe staanplek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing verleen. Van sy heel eerste werke oor die sending is die bloemlesing *Die huis van die armes* (1985) wat gebaseer is op vertalings van gepubliseerde Berlynse *Missionsberichte* en waarby hy kommentaar gevoeg het om die tekste in konteks te plaas. Verdere toeligting is in voetnote bygebring. Een van Schoeman se jongste werke — *J.J. Kicherer en die vroeë sending*, asook *Dogter van Sion* wat oor die lewe van Machtelt Smit handel — is 'n poging om die vroeë Kaapse kerk- en kultuurgeskiedenis vir 'n groter leserspubliek toeganklik en leesbaar te maak. Voorts plaas dit ook die sendinggeskiedenis in die breër Suid-Afrikaanse en Europese konteks.

J.J. Kicherer en die vroeë sending is nie 'n gewone biografie nie; dit is veel meer 'n geskiedenis van die mense wie se paaie met Kicherer gekruis het. Hierdie mense was Hollanders, Engelse en Duitsers; met sy koms na Suid-Afrika in 1799 het sy weë met Kapenaars van alle kleure, kulture en stande gekruis. Dit was egter die inheemse Khoisan en slawe met wie hy vir 'n aantal jare die nouste bande gehandhaaf het. Kicherer word dus deur die oë van die vroeë reisigers in die binneland gesien, en waar daar bronne is, word die inheemse inwoners onder wie hy in die Karoo sendingwerk gedoen het, se denkbeelde ook vermeld. Ongelukkig is daar weinig bronnemateriaal beskikbaar wat oor die gedagtes en denke van hierdie groep handel: die dokumente weerspieël gewoonlik wat die sendelinge waargeneem het. Vir diegene wat 'n kort en bondige "tradisionele" lewensloop van die sendeling — en latere predikant — verlang, is die artikel oor Kicherer in die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* [Deel 1] waarskynlik 'n kortpad.

Kicherer het hom aanvanklik op Bly Vooruitzicht (wat hy in Engels "Happy Prospect" genoem het) gevestig om saam met die Engelse sendeling, Edwards, onder die San (Boesmans) sendingwerk te doen. Na 'n relatief kort periode het hy op Zakrivier sy werk voortgesit — hierdie keer hoofsaaklik onder Basters. Dit is juis die indringende genealogiese studies wat hy onderneem het wat die Basters meer as net sendingobjekte maak. Die ineengestrengelheid van blanke veeboere, slawe, drosters, Khoisan en ander randfigure het in die dorre Karoo beslag gegee aan groepe wie se geskiedenis nog grootliks onbekend is. Hierdie vermenging is veral vir die kultuurhistorikus van groot belang en behoort by te dra om die stereotipes rondom die tradisionele "Boer" en "Boesman" voorstellings, af te breek.

Kicherer se hoogtepunt as sendeling was waarskynlik sy reis na Nederland en Engeland waartydens hy drie van sy gemeentede uit die Karoo saamgeneem het — Maria en Klaas Fortuin (wat in Europa getroud is) en Martha Arendse. Tydens hulle besoek aan Engeland in 1803 is hulle saam met Kicherer geskets en het hierdie tekening vir die nageslag behoue gebly. Hoewel hulle as "Hottentotte" in Europa bekend gestel was, was hulle egter van gemengde afkoms. Die gebruik (misbruik?) van die drie Suid-Afrikaners om by sendingfeeste op te tree, herinner Schoeman op 'n ongemaklike wyse aan die manier waarop Saartjie Baartman as die "Hottentot Venus" in Londen en Parys as 'n anatomiese skouspel aangebied was (p. 144).

Schoeman lig talle gevalle uit waar tradisionele beelde hersien word. 'n Voorbeeld hiervan is die leke-sendeling J.M. Kok wat in 1937 in *Die Kerkbode* as 'n "Afrikaner-sendeling" vermeld is maar in werklikheid 'n Baster was (p. 101).

Die boek is ryklik voorsien van illustrasies (ag en vyftig) wat hulle oorsprong in Europa en Suid-Afrika het en wat relevant tot die onderwerp is. Voorts is daar 'n omvattende register om naslaan te vergemaklik, 'n bronnelys en ook 'n chronologie om die hoogtepunte in Kicherer se loopbaan uit te lig en binne historiese perspektief te plaas. Ongelukkig is endnote, nie voetnote, gebruik, en is die notas aan die einde geplaas; nie na elke hoofstuk nie. Dit mag wel die moderne tendens wees wat daarop gemik is om die bladuitleg te vereenvoudig maar dit bemoeilik die taak van die ernstige leser wat dadelik die bron waaruit aangehaal is, wil nagaan of verifieer.

Ten slotte: Schoeman se opmerking dat "Oor Kicherer se werk is daar in die loop van hierdie boek genoeg meegedeel om die lesers daartoe in staat te stel om hulle eie gevolgtrekkings te maak" (p. 248), is 'n wyse opmerking; historici maak soms die fout om die intelligensie van hulle lesers te wil onderskat.

Hans Heese

IHN, Universiteit van Wes-Kaapland